# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2026

*God se droom vir sy kerk: Behoort én Beweeg.*

**2026.12**

| | |
|---|---|
| | Hebreërs 11:1, 6; Romeine 10:17; Spreuke 3:5–6; Markus 9:23–24;<br>2 Korintiërs 5:7 |

**Geestelike groei en dissipelskap: Groei deur geloof**

Geloof beteken nie dat jy altyd alles verstaan nie. Geloof beteken jy vertrou God, selfs wanneer jy nie die hele pad sien nie.

Baie keer wil ons eers sekerheid hê en dan glo. Maar God nooi ons dikwels om eers te vertrou, en dan te sien hoe Hy werk.

Geloof groei soos ’n spier – hoe meer jy dit gebruik, hoe sterker word dit. Elke klein oomblik van vertroue bou jou verhouding met God.

Om in Christus te groei is om uit te vind dat ons ook 'n aandeel in die proses het. Ja, dit is die wonderbare krag van God wat ons verander, maar ons neem deel aan die veranderingsproses. Alhoewel God in ons lewe kan ingryp op só 'n manier dat ons niks hoef te doen nie, doen Hy dit nie; ons is vry om ons eie keuses te maak.

Dikwels is ons ongeduldig en wil vinniger by die resultaat uitkom as wat redelik is. Ons wil goed voel en lyk, 'n week nadat ons in die gimnasium begin oefen het. Ons wil die suksesleer klim net 'n maand nadat ons begin werk het. Ons wil lewenslange vriende hê nadat ons pas 'n nuwe vriendskap aangeknoop het. Hierdie begeertes kan slegs tot vervulling kom nadat ons daaraan gewerk het. As ons lank en gereeld genoeg gimnasium toe gegaan het, hard aan ons loopbane gewerk het, en in vriendskappe belê het, dan sal ons resultate sien.

Ons vind 'n soortgelyke voorbeeld in Romeine 12:2: "*Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.*"

Dit klink wonderlik, né? Ons sal baie daarvan hou om te kan onderskei wat sy wil is, terwyl ons op die aarde leef. Hierdie vers sê dat ons dit werklik kan regkry. Ons moet egter kies om nie die wêreld se standaarde na te volg nie, maar eerder eers van binne-af verander te word.

Dit klink 'n bietjie agterstevoor om te glo dat ons wel kan "onderskei" wat God se planne vir ons lewens is en dan ons lewens te lei soos ons wil, nie waar nie? As ons vir onsself leef en nie toelaat dat God ons lei nie, hoe is dit dan moontlik om te weet wat God se planne is? Dit beteken egter nie dat ons perfekte keuses maak wanneer ons Jesus volg nie. Dit beteken dat ons Jesus wel volg. As ons dit doen sal ons Hom vind, soos Jeremia 29:13 sê. Wanneer ons Hom dan vind sal ons begin sien wat sy planne en doel vir ons toekoms is.

Kom ons maak die duidelik: ons doen niks om ons redding te verdien nie. Jesus het dit eens en vir altyd aan die kruis gedoen. Maar wat groei in geloof betref, moet ons ons deel doen.

- https://juignuus.co.za/lente-n-seisoen-vir-geestelike-groei-in-christus/
- https://nie.co.za/2020/04/20/ontwikkel-jou-geloof-ses-stappe/

Dink bietjie:

- Waar vind jy dit moeilik om God te vertrou?
- Hoe het jou geloof al gegroei oor tyd?
- Wat help jou om God beter te vertrou?

*Vir die groepgesprek:*

1. Om net te glo, is al 'n moeilike konsep. Mens wil al te maklik eerder die 'sien is glo' beginsel gebruik, of wat sê julle?

2. Die wêreld is tand maar deurmekaar en dit raak ons almal. En ons lewens en omstandighede is ook onder druk. Vertel bietjie vir mekaar waar julle geloof tans getoets word.

3. Ons sê dat geloof ons basis is, maar hoe reageer ons op onsekerheid?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. Hoe sou jy geloof in jou eie woorde beskryf? En vergelyk dit dan met Hebreërs 11:1; En Wat dink jy beteken dit om God deur geloof te behaag? (Hebreërs 11:6)

2. Hoe groei geloof volgens Romeine 10:17? Kan dit dan maklik buite die kerk gebeur?

3. Lees Spreuke 3:5-6: Wat beteken dit om God met jou hele hart te vertrou? En waarom waarsku die teks teen eie insig?

4. Lees Markus 9:23-24: Hoekom is hierdie pa se woorde so eerlik en menslik? Waarom dink jy bring die man sy twyfel na Jesus toe?

5. Lees 2 Korintiërs 5:7: Wat beteken dit om deur geloof te leef? Hoe help hierdie vers jou in onseker tye?

**Praktiese Oefening**

- Skryf neer:
  **"Here, ek kies om U te vertrou met __________."**
- **Toepassing**
  Vertrou God doelbewus in daardie area hierdie week.
- **Gebed**
  Bid vir groter vertroue in God.